

VOORBIDDING:

Wêreld: Republiek van die Kongo, Gaboen, Sao Tomé en Prinsipe. Oplossing vir konflikte [Palestynse-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.

RSA & Dorp: Wet en Orde - polisie en beskermingsdienste, veiligheidswagte, misdadigers en slagoffers. Beteueling van korrupsie op alle vlakke. Vigs geïnfecteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanlikes en -geaffekteerdes.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Alle matrieks, studente en leerlinge wat eksamen skryf.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Dian Breedt (Brandwacht), Basie Loubser (La Clémence) en Martin van Breda (Cynaroides).



'n **Uitgebreide lys van dienste** wat praktiese dinge vir veral seniors wat tuis woon, kan vergemaklik, kan vir jou deur Azaleahof gereël word. Alle seniors in die dorp kan gebruik maak van die dienste. Dienste sluit in: huishulpdiens, tuisversorging, wegneemetes, afgelewerde etes, hand- en voetversorging, haarsny, dansklasse, uitstapies, byeenkomste, Bybelstudie, bloeddruklynies en 'n biblioteekdiens.

Doen jou deel vir herwinning en bring leë eierboksies en glasflessies na die kerkkantoor.

Roomyshouers en yoghurthouers is ook steeds welkom.

Baie dankie vir almal wat dit reeds doen.

Hoe kleiner ons is, hoe meer plek is daar vir God.

HUISGELOOF is elke week beskikbaar om van ons webblad af te laai by www.stelwel.co.za of kry 'n kopie by die deur.

GROENgedagte #46 KOOP NIKS DAG – 26 November "Today, humanity faces a stark choice: save the planet and ditch capitalism, or save capitalism and ditch the planet." Fawzi Ibrahim, Environmental Economist. Hierdie dag word deesdae in 65 lande gevier op die laaste Saterdag in November. Ontwikkelde lande wat 20% van die wêreld se bevolking het, gebruik 80% van die aarde se natuurlike hulpbronne. Die idee van die dag is om net 'n slag te stop en te dink oor wat ons koop en hoe dit die omgewing beïnvloed. Hierdie dag gee ons die geleentheid om ons te verbind om minder te verbruik, meer te herwin en ook te vra vir maatskappye om meer omgewingsensitief te wees in hoe hulle produkte vervoer, verpak en hoe hul werkers behandel word. Terwyl ons sulke groot keuses het in die mark, mag dit nooit ten koste van die omgewing wees nie. Die dag daag ons uit om vir een dag geen geld uit te gee nie.



WELWEEK

Christus is die Here!

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou Om so sy groot opdrag uit te leef.



Koninkrykstyl	Kersprojek		Jaartema: Dissipels sien mense raak.
	Sondag 13 November 2016		
	Tema en Teks	“Volharding in ’n krisis as genade.” Lukas 21: 5-19	
	Prediker	Theunis Botha	
	09:30	Erediens: Bekertjiesondag en Gr. 7-Sondag	
	09:30	Afsluiting: Junior kategese en kleuterkerk	

Markdag-nuus
Die laaste Woensdag-Markdag vind plaas op 16 November met aarbeie, eiers, beskuit, koekies en konfynt. En dan sluit ons af met ons **Geskenke-met-Kersfees Mark** op Saterdag 26 November waar jy 'n wye verskeidenheid eetgoed kan koop, saam kan kuier met vriende en familie en ook deur die marktafels kan snuffel vir geskenke.

Baie welkom
Baie welkom aan **Danni Villet** wat vandag gedoop word. Welkom ook aan haar ouers, Marcel en Lise-Marie en haar grootouers wat die geleentheid bywoon.

Geskenkpapier te koop
Ons het weer baie goeie kwaliteit geskenkpapier te koop teen R10 per rolletjie. Die papier word vir fondswerwing verkoop deur Die Alta du Toit Nasorgsentrum vir volwasenes met intellektuele gestremdheid. **Daar is bokse by die deure – gooi asb R10 (of meer as jy wil) in per rolletjie wat jy neem.** Ons het ook weeksgogende van die papier by die kerkkantoor te koop.

Nuwe lidmate tee
As jy 'n nuwe lidmaat is en graag die tee wil bywoon, kom gerus ná die erediens op Sondag 20 November na die kerksaal waar lede van die Nuwe Lidmaatbediening, die leraars en personeel van die kerkkantoor jou graag wil ontmoet.

Bekertjiesondag
Baie dankie aan almal wat bekere gebring het. As jy jou beker vergeet het, kan jy dit nog gedurende die week by die kerkkantoor kom afgee.

Hou aan om babasakke te maak
Die kerkkantoor het reeds-gesnyde lappe vir die maak van die babasakke vir die “bless-a-baby”-projek.

Is jy nuut hier by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet ook 'n lekker koppie tee in die vierkant en neem boeke uit by die biblioteek.

Fokustekste: (Aanvullend om te lees en sluit aan by vandag se preek)
* Psalm 12
* Jesaja 65: 17-25
* 2 Tes 3: 6-13

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 14/11 tot Sondag 20/11

Di 15/11	19:00	Kerkraadsvergadering: konsistorie
Wo 16/11	09:00 - 12:00 19:00 18:45	MARKDAG Afsluiting vir die aandgroep van Geloofsgroei: De Wetstraat 6 Bybelstudie vir huishulpe.
So 20/11	09:30 10:30	Erediens: Leon Cronje Biddag vir Beskermingsdienste Nuwe Lidmate Tee: kerksaal



Die deurkollekte vandag gaan aan Stellenbosch Kindersorg: Stellenbosch Kindersorg is een van die oudste welsynorganisasies in die dorp. Hulle fokus op die beskerming van kinders en om hulle in veilige, vriendelike en aangepaste omstandighede te help grootmaak. Kindersorg tree dadelik in as hulle ingelig word oor 'n onveilige situasie. Met die hulp van maatskaplike en sielkundige dienste en bewusmakingsprogramme, word gepoog om die beste oplossing te vind vir die kinders wat in onveilige omstandighede lewe. *Vir meer inligting kontak Kindersorg Suid-Afrika: Stellenbosch by 021 887 2816.*



Verlede week se deurkollekte vir die Hoop en Versoening Trust was R2 903. Baie dankie!

Volgende week se deurkollekte gaan aan die Sinodale Toerusting Missionêre Fonds.

Ons dank God vir sy onuitspreeklike gawe. 2 Kor 9:15

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
Kantoorure: 08:00 tot 13:00

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Reknno: 149 8046 320

Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die ophangdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word.

Ons is op soek na mense wat in 2017 vir twee agtereenvolgende Sondae blomme sal rangskik vir die Sondagdienste. Skakel die kerkkantoor: 021 886 5975.



Diensgeleentheid

Voedingsaksie vra dat gemeentelike asseblief brode en smere kom afgee by die kerk. Die nood is groot en daar is 'n groot behoefte by al hulle voedingspunte om aan die groeiende vraag te voldoen. Bring asb gedurende kantoorure na die kerkkantoor.

Baie dankie vir almal wat graag help.



PASTORALE VERSORGING

Lidmate wat 'n leraar nodig het, skakel enige leraar of die kerkkantoor by 021 886 5975.

Die spreekkamer van Theunis Botha voorsien gespesialiseerde pastorale hulp. Skakel 082 896 2089.

Kom neem deel aan die ons Kersprojek

Daar is baie moontlikhede om uit te kies as jy vanjaar wil bydra tot ons Kersprojek. Ons wil graag weer 'n groot klomp minder bevoorregte mense hier in ons



Die gr. 2 Kategese klas het nie-bederfbare kos ingesamel as deel van die Kersprojek. Jy is nooit te oud of te jonk om te help en betrokke te raak nie!

omgewing bereik. As jy nie 'n Kersprojekpamflet gekry het nie, neem asb een op die Kersfeesprojektafel teen dieingangsmuur voor in die kerk. Jy kan die pamflet ook op ons webtuiste sien (www.stelwel.co.za).

Bydraes kan deur November Sondag by die deure of op die Kersprojektafel geplaas word, of deur die week na die kantoor gebring word.

Geldelike bydraes kan gemerk word "Kersprojek". **Almal wat Donderdag 24 November van 09:00 tot 12:00 wil help pakkies opmaak, kan die kerkkantoor skakel by 021 886 5975.**

Geskenke-met-Kersfees

Ons beplan 'n oggend van saamkuier op **Saterdag 26 November** om vir oulaas as gemeente saam te kuier voordat almal in verskillende rigtings spat tydens die Desemberavakansie. Ons wil ook hiermee 'n geleentheid skep vir gemeentelike om hul produkte te kan verkoop: handwerk, kleinkoekies, vrugtekoeke, plante, houtwerk, ingemaakte produkte, kaartjies en alles wat ander graag as geskenke vir geliefdes sal wil gee - ons eie Geskenke-met-Kersfees Mark! Kontak Christelle by 021 886 5975 vir meer inligting en om jou tafel vir die mark te bespreek.



Wil jy graag diensbaar wees in die gemeente deur Sondag te help teeskink?

Vul jou naam in op die lysie wat by die teetafels beskikbaar is, sodat ons die lysie vir volgende jaar kan finaliseer. Jy kan ook die kerkkantoor gedurende die week skakel by 021 886 5975 of 'n e-pos stuur: ontvangs@stelwel.co.za of skriba@stelwel.co.za.



Stellenbosch Hospice is op soek na nuwe, goeie, sterk, gehalte bedlinne vir hulle 12-bed saal omdat die linne so baie gewas moet word. Daar is 36 volledige stelle driekwartbed-beddegoed nodig: matrasbeskermers, paslakens, duvetoortreksels, slope, kussingbeskermers en platlakens. So 'n stel kos R500+ elk. As jy 'n geldelike bydrae wil maak, of dalk self iets wil aankoop, skakel asb een van ons lidmate, Bretchen van Niekerk (021 887 9037/ 082 3190187/ e-pos: bniekerk@gmail.com). Hierdie projek vorm ook deel van ons Kersprojek vanjaar.